SOLIDARITEIT
NAVORSINGSINSTITUUT

Regsnetwerk behoeftebepaling: Studente

SNI

Augustus 2022

Inhoudsopgawe

Inleiding 4
Metodologie 4
Doel van die studie 5
Kwantitatief 6
Demografiese inligting 6
Media 7
Gevoel oor die regsberoep 9
Ek dink die regsberoep in Suid Afrika is tans op ‘n goeie plek 9
Ek dink die regstelsel in Suid-Afrika funksioneer goed 9
Ek dink die tyd is reg vir eendersdenkende regslui om mekaar te help 10
Ek dink ‘n netwerk van eendersdenkende regslui wat met mekaar skakel is broodnodig 10
Ek dink die howe in Suid-Afrika lewer goeie, objektiewe uitsprake 11
Ek dink die toekoms van die regsberoep in Suid-Afrika is veilig 12
Volgens u, wat is die grootste behoefte van regslui in Suid-Afrika? 12
Bereidwilligheid vir deelname aan netwerk 13
Sou jy belangstel om deel te word van ‘n netwerk van eensgesinde regslui? 13
Wat sou jy bereid wees om te betaal om deel te wees van so ‘n netwerk van eensgesinde regslui? 13
Kwalitatief 15
Fokusgroep: Noordwes Universiteit 15
Telefoniese gesprekke: Universiteit van Pretoria 17
Geskrewe antwoorde: Akademia 19
Gevolgtrekking 22

Opgawe van figure

Figuur 1 – Geslagsverdeling 6
Figuur 2 – Ouderdomsverdeling 6
Figuur 3 – Opleidingsvlak 7
Figuur 4 – Huistaal 7
Figuur 5 - Korrespondensie voorkeur 8
Figuur 6 - Sosiale Media gebruik 8
Figuur 7 - Regsberoep op goeie plek 9
Figuur 8 - Ek dink die regstelsel in Suid-Afrika funksioneer goed 9
Figuur 9 - Ek dink die tyd is reg vir eendersdenkende regslui om mekaar te help 10
Figuur 10 - Ek dink 'n netwerk van eendersdenkende regslui is broodnodig 10
Figuur 11 - Ek dink die howe in Suid-Afrika lewer goeie, objektiewe uitsprake 11
Figuur 12 - Ek dink die toekoms van die regsberoep in Suid-Afrika is veilig 12
Figuur 13 - Sou jy belangstel om deel te word van 'n netwerk van eensgesinde regslui? 13
Figuur 14 - Wat sou jy bereid wees om te betaal om deel te wees van so ‘n netwerk van eensgesinde regslui? 13

Inleiding

Die regsberoep in Suid-Afrika is onder enorme druk. Geweldige frustrasie word beleef deur die publiek en regslui wanneer dit kom by interaksie met howe en die regstelsel. Hierdie druk spoel oor na alle aspekte van die regsberoep, vanaf gesoute advokate tot bloedjong klerke beleef onsekerheid en bekommernis oor die toekoms van die regsberoep. In antwoord op hierdie uitdagings het Solidariteit ‘n regsnetwerk begin wat ten doel het om vir Afrikaanse regslui ‘n tuiste te gee waar hulle mekaar kan ondersteun en help ten einde die beroep te beskerm en uit te bou vir toekomstige geslagte.

Metodologie

Die navorsing hier onderneem het twee komponente, ‘n kwalitatiewe en ‘n kwantitatiewe komponent.

Die kwantitatiewe komponent behels ‘n 18-vraag vraelys op SurveyMonkey wat 373 respondente getoon het. Dit laat ‘n foutgrens van 5% met ‘n 95% vertrouensinterval (7% met ‘n 99% vertrouensinterval).

Die vraelys is telefonies sowel as aanlyn ingevul. Vir die telefoniese onderhoude is Senbel gebruik. Die vraelys was in die veld vanaf 19 Mei tot 14 Junie 2022.

Die kwalitatiewe komponent behels ‘n mengsel van fokusgroepe, telefoniese onderhoude en geskrewe vrae aan regstudente.

Skakeling met studente is gedurende Augustus 2022 gedoen:

- Fokusgroep met studente by die Noordwes-Universiteit (NWU)
- Telefoniese gesprekke met LLB VI-studente van die Universiteit van Pretoria
- Geskrewe vrae aan LLB-studente van Akademia

Kriteria vir seleksie

Regstudente
Ouderdomme van tussen 22 – 38 meer klem op finalejaarsstudente geplaas.

Afrikaanssprekend

Vrae vir fokusgroep en telefoniese onderhoude struktuur

- *Waarom het jy hierdie kursus gekies? Wat is jou motivering?*
- *Hoe sien jy jou loopbaanpad uitspeel oor die volgende 5 – 10 jaar?*
- *Voel jy jou loopbaanpad word bedreig/is in gevaar?*
- *Wat is die stand van regte in Suid-Afrika? Dink jy dit gaan beter/slegter word?*
- *Hoe voel julle oor die regsisteem?*
- *Wie het reeds werk na afloop van jou studies?*
- *Hoe het jy daardie werk gekry*
- *Indien jy nie werk het nie, wat beskou jy as die nr. 1 hindernis wat jou verhoed om werk te kry?*
- *Het jy al enige ander praktiese ondervinding opgedoen m.b.t. die reg?*
- *Stel julle belang in skaduwerk?*

- *Gestel jy het nou ‘n werk. Wat is die ding wat jou die bangste maak oor jou loopbaanpad/werk?*
- *Waarna sien jy die meeste uit in die regte? Wat maak jou opgewonde?*
- *Is jy voorbereid op die aanvanklike inkomste wat jy sal ontvang en die uitgawes way jy sal moet aangaan?*
- *Hoe voel jy oor ‘n mentorskap?*
- *Sal jy wil deel wees van ‘n netwerk binne jou beroep? Wat sal jy van so ‘n netwerk verwag?*
- *Hoe het “Employment Equity”/SEB jou tot dusver beïnvloed of beïnvloed jou tans?*
- *Voel jy ‘n kursus wat basiese vaardighede en kennis oordra vir jongmense bv. “Grootmens 101” sal nuttig wees?*

Doel van die studie

Die studie het ‘n tweeledige doel. Eerstens om vas te stel wat die gevoel van bestaande en voornemende regslui is rondom die stand van die regsberoep in Suid-Afrika is, sowel as hulle gevoel oor die toekoms van die regsberoep te peil. Dan ook om vas te stel wat die behoeftes en uitdagings van bestaande en voornemende regslui tans is.

Addisioneel is ook gevra of studente voorbereid voel vir ‘n lewe as jong werkende.

Kwantitatief

Demografiese inligting



Figuur 1 – Geslagsverdeling



Figuur 2 – Ouderdomsverdeling



Figuur 3 – Opleidingsvlak



Figuur 4 – Huistaal

Media

Hier is gepoog om vas te stel watter media die respondente meestal verbruik en gebruik en hoe hulle verkies om korrespondensie te ontvang.



Figuur 5 - Korrespondensie voorkeur



Figuur 6 - Sosiale Media gebruik

Wat uit die resultate uit kom is dat ‘n groot hoeveelheid respondente ‘n nuusbrief of e-pos kommunikasie verkies (Die ander opsie was oorweldigend mense wat e-pos stipuleer).

Daarnaas is Whatsapp ‘n medium wat wyd gebruik word.

Rondom sosiale media gebruik is dit duidelik dat Facebook, Linkedin en Instagram die platforms is wat primêr gebruik word deur respondente, met Facebook wat by verre die grootste platform is.

Gevoel oor die regsberoep

Ek dink die regsberoep in Suid Afrika is tans op ‘n goeie plek



Figuur 7 - Regsberoep op goeie plek

Met amper 3 uit 5 respondente wat aandui dat hulle nie dink die regsberoep is op ‘n goeie plek nie, kom die kommer oor die regsberoep duidelik uit die antwoorde.

Veral kommerwekkend is die feit dat slegs 16,67% van respondente dink die regsberoep is wel op ‘n goeie plek. So groot verskil tussen positief en negatiewe antwoorde dui daarop dat die algemene konsensus is dat die regsberoep in Suid-Afrika nie op ‘n goeie plek is nie.

Ek dink die regstelsel in Suid-Afrika funksioneer goed



Figuur 8 - Ek dink die regstelsel in Suid-Afrika funksioneer goed

Met soortgelyke antwoorde as die wat gegee is rondom die regsberoep is dit duidelik dat die stelsel self in die moeilikheid is volgens respondente. Hierdie probleme met die stelsel spoel

dan oor na kommer oor die regsberoep se posisie. Weereens sien ons dat amper 3 uit 5 respondente voel die regstelsel self is nie op ‘n goeie plek tans nie.

Ek dink die tyd is reg vir eendersdenkende regslui om mekaar te help



Figuur 9 - Ek dink die tyd is reg vir eendersdenkende regslui om mekaar te help

As positiewe teengewig is daar feitlik eenparigheid oor die nodigheid van regslui om mekaar uit te help. Gelees teen die negatiewe sentiment rondom die beroep en die stelsel is dit merkwaardig. Hierdie kan interpreteer word as ‘n siening dat die moontlike antwoord vir die frustrasies met die regsberoep en regstelsel se oplossing lê in regslui wat mekaar help.

Ek dink ‘n netwerk van eendersdenkende regslui wat met mekaar skakel is broodnodig



Figuur 10 - Ek dink 'n netwerk van eendersdenkende regslui is broodnodig

Ten einde die konsep van ‘n netwerk van regslui te toets is die vraag ingevoeg. Gegewe die sterk positiewe antwoord op die gedagte dat regslui mekaar moet uithelp, is die verwagting dat daar ook positief gereageer moet word op die idee van ‘n netwerk van regslui wat

mekaar uithelp. Die feit dat daar geen noemenswaardige afwyking is tussen die twee vrae nie, dui daarop dat so netwerk potensieel ondersteun sal word deur regslui, mits dit die behoefte van skakeling en help met ander regslui aanspreek.

Ek dink die howe in Suid-Afrika lewer goeie, objektiewe uitsprake



Figuur 11 - Ek dink die howe in Suid-Afrika lewer goeie, objektiewe uitsprake

'n Vraag wat bedoel is om die vertroue in die regsberoep en regstelsel te bevestig. Wat hieruit vloei is dat 2 uit 5 respondente voel die howe lewer nie meer goeie, objektiewe uitsprake nie – terselfdertyd voel 1 uit 5 howe doen nog en nog 2 uit 5 voel neutraal.

Hierdie bevestig die vroeëre resultate wat bekommerd is oor die stand van die regstelsel en regsberoep. Tog bied dit ook effe hoop en dui op 'n groterwordende probleem in die toekoms, maar nie 'n eksistensiële krisis tans nie. Die feit dat regslui oorweldigend bekommerd is oor die stand van die regstelsel, maar steeds meestal neutraal teenoor howe se uitsprake staan dui daarop dat die bekommernis meer is oor die toekoms van die regstelsel en regsberoep as oor die huidige stand.

Ek dink die toekoms van die regsberoep in Suid-Afrika is veilig



Figuur 12 - Ek dink die toekoms van die regsberoep in Suid-Afrika is veilig

Net so oor die helfte van die respondente voel nie die toekoms van die regsberoep is veilig nie. Dit strook met die resultate tot dusver wat daarop dui dat die regsberoep nog nie as totaal onveilig en onmoontlik beskou word nie, maar dat daar ernstige kommer heers oor die moontlike toekoms. So ook impliseer dit dat daar nog moontlike motivering en dryf is om iets te doen aan die verval van die regsberoep onder regslui, wat geleenthede skep vir organisasies wat sulke aktiwiteite wil aanpak.

Volgens u, wat is die grootste behoefte van regslui in Suid-Afrika?

Hierdie was ‘n oop vraag waarop respondente vrylik kon antwoord in hulle eie woorde. Tog is daar so paar temas wat sterk na vore getree het.

Opleiding

Die eerste tema is opleiding oftewel ‘n gebrek aan kennis en ervaring. Hierdie het gewissel vanaf ‘n frustrasie met die vlakke van opleiding van klerke, tot die frustrasie wat beleef word met regters en landdroste wat nie basiese wetgewing ken nie. Amper die helfte van respondente wat geantwoord het, het hierdie as hulle primêre bekommernis geuiter, dit dui op ‘n sterk geleentheid om opleiding vir regslui van alle vlakke aan te bied.

Howe se funksionering

‘n Volgende beduidende tema is ‘n frustrasie met die algemene funksionering van howe. Alles van toeganklikheid tot administratiewe prosesse word as frustrasie beleef met veral lang wagtye en ‘n tekort aan vermoë van die howe wat gekritiseer word. Daar is ‘n hele paar respondente wat uitdruklik stel dat konsekwente uitsprake verlang word vanaf howe, maar die meerderheid beskou die administrasie en funksionering van die howe as die groot uitdaging. Amper ‘n derde van respondente wat geantwoord het beskou hierdie as die grootste uitdaging.

Politiek, SEB en regstellende aksie

‘n Beduidende hoeveelheid respondente (Sowat 20%) dui aan dat hulle voel daar moet ‘n gelyke speelveld wees, dat bevordering tot regter of landdros nie onderhewig moet wees aan regstellende aksie nie en dat die politiek en korrupsie uit die howe gehou moet word.

Daar is verskeie respondente wat noem dat die staat self moet begin om wette te respekteer eerder as dit verbreek.

Bereidwilligheid vir deelname aan netwerk

Die laaste paar vrae handel oor die bereidwilligheid van regslui om deel te wees van ‘n netwerk. Hierdie is belangrik want eerder as net sê dat so iets nodig is, toets hierdie of mense ten minste in beginsel bereid is om daad by die woord te sit.

Sou jy belangstel om deel te word van ‘n netwerk van eensgesinde regslui?



Figuur 13 - Sou jy belangstel om deel te word van 'n netwerk van eensgesinde regslui?

Wat sou jy bereid wees om te betaal om deel te wees van so ‘n netwerk van eensgesinde regslui?



Figuur 14 - Wat sou jy bereid wees om te betaal om deel te wees van so ‘n netwerk van eensgesinde regslui?

Wat mens neem uit hierdie resultate uit is dat daar bereidwilligheid is om deel te wees van ‘n netwerk van regslui, maar dat dit regslui nie so gemotiveerd is om deel te neem aan so netwerk soos wat hulle voel daar moet so iets wees nie.

Belangrik wel is dat die meerderheid regslui wat wel wil deel vorm van so netwerk voel dat dit teen betaling moet geskied. Vier uit vyf regslui is bereid om ‘n bedrag per maand te betaal ten einde deel te vorm van so netwerk van regslui. Dit dui op ‘n werklike behoefte daaraan, eerder as net lippediens wat gelewer word op ‘n peiling.

Kwalitatief

Fokusgroep: Noordwes Universiteit

Hoofsaaklik voorgraadse studente in hul finale jaar en een honneursstudent wat spesialiseer in arbeidsverhoudinge. Voorgraadse studente studeer LLB of B.Com Regte.

Die meerderheid studente het reeds op skool besluit dat hulle ‘n professie in die reg wil betree. Motivering is divers; van ‘n aangetrokkenheid tot die reg en regstelsel, familie wat reeds in die praktyk staan, navorsing oor beroepe, aanlegtoetse wat dit aanbeveel of ‘n sin vir regverdigheid.

Slegs twee kandidate het op loopbane in die reg besluit omdat hulle nie keuring vir ‘n ander kursus gekry het nie of omdat hulle nie geweet het wat anders om te kies nie.

Studente beskryf die grootste uitdaging wat hulle ondervind as die tekort aan werk. Vir al studente met slegs ‘n B.Com Regte kwalifikasie voel dat hulle minder geleenthede het en eers ‘n LLB-graad moet voltooi sodat hulle makliker werk kan kry. Finansies om te kan studeer is ook ‘n uitdaging.

Daar is ook genoem dat ‘n toekoms in Suid-Afrika in twyfel getrek word. Nie net is werkgeleenthede skaars nie maar is salarisse klein en is daar ‘n persepsie dat persone in die regstelsel nie altyd bevoeg is nie, wat ‘n moedeloosheid aanwakker.

Werksgeleenthede word, volgens hierdie studente, ook nie eweredig versprei nie. Die studente voel dat daar meer geleenthede in sekere meer administratiewe velde soos aktes is, maar dat dit nie noodwendig die veld is waarin hulle wil spesialiseer nie. Dit laat hulle verstaan waarom mense wil immigreer.

Die grootste uitdaging, soos reeds genoem, is om bo die verskeidenheid en hoeveelheid ander kandidate gekies te word vir ‘n betrekking. Studente beskryf werksgeleenthede as uiters skaars en die arbeidsmark as uiters kompeterend. Die algehele gevoel is dat daar te veel studente/afgestudeerde regslui is en nie genoeg werk om die aanbod aan te spreek nie. Hulle doen aansoek en word selfs vir onderhoude genooi maar is selde suksesvol.

Vakansiewerk en internskappe blyk ook skaars te wees en min studente is bewus van sulke geleenthede. Die meerderheid studente wat hierdie praktiese ondervinding opdoen het, het hierdie werk deur bestaande netwerke gekry. Om fisies aan te klop by firmas en te vra vir geleenthede blyk nie suksesvol te wees nie.

Die algemene gevoel is dat ‘n netwerk nodig is om werk te kan kry.

Al die studente wat aan die fokusgroep deelgeneem het, is baie gretig om werkservaring op te doen en om te leer hoe die praktyk werk. Hulle stel baie belang in skaduwerkgeleenthede, vir al waar hulle blootstelling in die hof kan kry.

Ander groot uitdagings en vrese wat genoem is, is dat die gaping tussen studies en praktiese ervaring te groot is. Studente voel bekommerd dat hulle nie genoegsame kennis het nie en dat hulle nie weet hoe om die werk te doen wat in die praktyk van hulle verwag word nie. Hulle is ook bang dat daar niemand sal wees wat dit verstaan en bereid sal wees

om hulle te leer nie. Hulle voel onbevoeg en magteloos en het ‘n behoefte aan meer praktiese ondervinding alvorens hulle vir klerkskappe aansoek doen. Hulle wil graag meer basiese praktiese vaardighede opdoen. Daar is selfs genoem dat hulle voel hulle het ‘n wanpersepsie van hoe dinge in die praktyk funksioneer omdat hulle slegs teoretiese kennis het.

Nog ‘n vrees is dat die beperkte werksgeleenthede ‘n klerk in ‘n sekere rigting van spesialisasie sal dwing. Studente voel hulle het nie werklik ‘n keuse van waar hulle hul klerkskap kan doen nie en is uitgelewer aan dit waarin die betrokke praktyk spesialiseer. ‘n Gebrek aan wyer blootstelling in ander dissiplines word as beperking op die eie loopbaan beskou en die vrees is dat daar nie verdere geleenthede sal wees om te diversifiseer en uiteindelik te spesialiseer in die rigting waar die werklike passie lê nie.

Al die studente is gretig om te leer en te werk en kwaliteit werk te lewer.

Studente voel wel dat die teorie wat hulle gedurende hul studies aan die universiteit leer baie belangrik is en dat dit aan hulle die basiese riglyne verskaf. Hulle is van mening dat hierdie kennis waardevol is en vir al met hul metodiek en denkwyses help. Volgens hulle is die tekortkoming dat praktiese ervaring nie deel hiervan vorm nie. Hulle sal graag meer voorbereid wil wees op ‘n klerkskap en voel tans basies asof hulle niks weet nie. Hulle wil nie met geen praktiese kennis by ‘n klerkskap inloop nie.

Oor die reg voel hulle positief. Hulle indruk oor die regstelsel is dat dit die reg en die landswette van die beste in die wêreld is maar dat korrupsie en die huidige vloei daarvan dit oorskadu. Frustrasie met howe en tronke wat oorvol is, is genoem.

In terme van ideologie en oortuiging, word meeste studente gemotiveer deur die wil om ‘n verskil te maak en mense te kan help. Daar is ‘n baie sterk element van aansporing want spuit uit die behoefte om ‘n positiewe impak op individue maar ook die samelewing te maak. Hulle glo ‘n professie in die reg sal hulle in staat stel om hierdie ideaal te kan verwesenlik. Hulle wil opstaan vir wat “reg is en voel hulle kan dan die landswette gebruik om dit te ondersteun.

Daar is ook opgewondenheid om uiteindelik in die praktyk te kan staan en fisies besig te raak met sake.

Studente het nie self daaraan gedink dat hulle dalk ‘n mentorskapprogram sou nodig hê nie, maar is wel van oortuiging dat hulle baat sal vind daarby toe dit wel gevra is.

SEB is wel iets wat hierdie studente voel hulle geleenthede negatief beïnvloed. Hulle is nie net huiwerig om aansoek te doen vir beurse en werk nie maar vermy dit by sommige instansies omdat hulle voel hulle is reeds vooraf uitgesluit.

Met betrekking tot lewenskostes en vaardighede soos om belasting te kan doen, voel studente hulle benodig leiding.

Telefoniese gesprekke: Universiteit van Pretoria

Alle studente wat aan die studie deelgeneem het is tans besig met hul vierde jaar LLB. Ouderdomme van tussen 22 en 30. Alhoewel dit meeste studente se eerste graad is, het diegene wat ander grade het, geen vorige permanente werkservaring nie. Meeste studente is afkomstig van Pretoria maar daar is ook studente wat oorspronklik vanaf KwaZulu-Natal is.

Die oorgrote meerderheid studente het LLB gekies omdat hulle ‘n behoefte het om ‘n loopbaan in die reg te volg. Daar is wel enkeles wat regte gekies het omdat hulle nie op tyd aansoek gedoen het vir ‘n ander rigting waarvoor keuring vereis word nie, of omdat hulle blootstelling aan die beroep gehad het alvorens hulle studies daarin. Een kandidaat het gevoel sy voorkeurrigting bied te veel politieke uitdagings en het dus eerder op regte besluit. Elke student is egter oortuig daarvan dat hy/sy die regte beroep gekies het, al was dit dalk nie in die eerste jaar die geval nie. Sommige het hierdie behoefte reeds van ‘n jong ouderdom af, in ooreenstemming met studente van NWU.

Studente wat nog nie ‘n klerkskap by ‘n firma vir die volgende jaar het nie, is baie meer onseker oor hul toekomsplanne. Meeste studente is ten volle bewus van die aantal kandidate teenoor die aantal beskikbare posisies. Hulle voel bekommerd oor die hoeveelheid studente wat moet aansoek doen vir klerkskappe teenoor die aantal geleenthede wat beskikbaar is. Alhoewel hulle, tot voordeel van hul loopbane, hoop om klerkskappe by groter firmas los te slaan, is hulle deeglik bewus daarvan dat hulle moontlik tevrede sal moet wees met ‘n klerkskap by ‘n kleiner firma. Die feit dat hulle dan moontlik in ‘n rigting sal moet werk waarin hulle nie gespesialiseer het nie, is vir hulle vanselfsprekend. Daar is ‘n groter aanvaarding daarvoor om dan in so ‘n rigting te werk wat jy dalk nie sou verkies nie as wat die studente van NWU geuiter het.

Slegs een student het aangedui dat hy na afloop van sy studies en klerkskap eerder belang sal stel in die onderwys, maar ook slegs indien hy nie ‘n geleentheid het om te spesialiseer in sy gekose rigting nie.

Uit al die studente het een aangedui dat hy van plan is om te immigreer. Sy beweegrede is die swak ekonomie en werkskaarste in Suid-Afrika. Die politieke klimaat, korrupsie en onbevoegdheid van wetstoepassers is ook as rede aangevoer.

Enkele studente noem pertinent dat hulle hul eie besighede/praktyke wil oopmaak in die toekoms.

Vrese en bekommernis word hoofsaaklik oorheers deur die onmiddellike soeke na ‘n klerkskap. Die volume studente wat aansoek doen teenoor die klein hoeveelheid geleenthede wat beskikbaar is, word deurentyd genoem. Studente voel ook onseker oor hoe om eerste ronde onderhoude te hanteer is van mening dat hierdie vinnige onderhoude lei tot teleurstelling omdat hulle nie die vaardigheid het om hulself in tien minute van ander kandidate te kan onderskei nie. ‘n Ander bekommernis is dat die oorbevolking in die regspraktyk spasie vir groei negatief beïnvloed.

Oor die reg voel hierdie studente ook positief. Meeste glo die Suid-Afrikaanse reg is van wêreld gehalte maar dat die toepassing daarvan, vir al deur onbevoegde amptenare en die invloed van politici, die effektiwiteit en integriteit daarvan ondermyn. Meeste studente is van mening dat howe nie effektief is nie omdat daar te veel sake is wat aangehoor moet word.

Slegs een student het genoem dat dit ‘n mens moedeloos laat voel terwyl die ander dit meer as een van die talle uitdagings van die beroep beskou wat oorkom moet word.

Nog ‘n bekommernis is dat die reg nie so toeganklik vir die gewone man op straat is soos wat dit moet wees nie en dat daar groepe is wat hul “regte” misbruik.

Meeste studente wat vorige ervaring opgedoen het deur middel van vakansiewerk of skdauwerkgeleenthede, het so ‘n geleentheid gekry deur middel van ‘n reeds bestaande netwerk waarvan hy/sy deel is. Sulke ervarings word ook beskou as geleenthede om ‘n netwerk op te bou en die verkryging van ‘n klerkskap te vergemaklik.

Alle studente het aangedui dat hulle graag meer geleenthede tot skaduwerk of internskappe gedurende hul studies sou wou ontvang. Hulle stel ook almal belang in ‘n mentorskapprogram en heg waarde daaraan om leiding en raad te kan ontvang met betrekking tot enige iets wat hulle sal kan help in hul loopbane, of dit nou tydbestuur of die hanteer van konflik is.

Vrese ten opsigte van werk sluit aspekte soos salarisse en finansies in. Dit is egter ondersteuning in die werkplek met betrekking tot die opdoen van vaardighede, genoegsame studieverlof en geleenthede na afloop van die klerkskap wat studente die meeste kommer.

Studente het ook genoem dat hulle nie weet wanneer hulle vir klerkskappe moet aansoek doen en hoe die proses werk nie. Volgens hulle beïnvloed dit hul kanse op sukses negatief.

Eenders as studente by NWU is meeste van hierdie studente ook bekommerd dat hul praktiese kennis en vaardighede nie voldoende is nie. Baie studente noem pertinent dat hulle die eerste dag wat hulle hof toe moet gaan vrees. Nie net die prosesse van die hof nie maar selfs iets soos verkeer en parkering ontsenu hulle geweldig.

Net een student het genoem dat sy bang is vir rassespanning in die werkplek. Hierdie student het voorheen aan ‘n ander universiteit studeer waar rassespanning hooggety vier.

Vir studente wat nog nie op ‘n spesifieke dissipline besluit het nie, is praktiese ervaring en die geleentheid om te leer en uiteindelik in die beroep te kan staan, die faktor wat die meeste opgewondenheid kweek.

Dieselfde as die NWU-studente sien die studente by UP geweldig daarna uit om hul kennis en ervaring te kan aanwend om ‘n verskil te maak en mense te kan help. Daar is ook enkeles wat gemotiveer word deur ambisie om “die leer te klim”.

Meeste studente het aangedui dat hulle voel dit is nodig om aan ‘n beroepsnetwerk te behoort. Baie min studente kom reg met enige vorm van werk sonder ‘n netwerk en stel so iets hoog op die prys. Hulle wil nie net so makliker verwysings ontvang of toegang tot geleenthede hê nie maar is ook gretig om in die toekoms so ‘n netwerk te gebruik om hul kliënte te kan akkommodeer. Slegs een student het dit reggekry om sy eie netwerk te skep deur per e-pos en aanlynaansoeke vanaf sy eerste jaar te soek vir skaduwerk en vakansiewerk. Dit het tot sy klerkskap gelei.

Daar is wel die indruk dat studente wat werk by groot firmas het, genoeg ondersteuning sal ontvang wat maak dat hulle voel hulle nie van so ‘n netwerk gebruik sal maak nie.

ESEB word nie vir elke student tot op hede, as ‘n uitdaging ervaar nie. Dit wil voorkom asof die studente wat reeds deel vorm van netwerke en wie nog tot ‘n mate in ‘n beskermde omgewing, dus met nog baie ouerondersteuning, funksioneer, nie werklik tot op hede voel hulle word daardeur beïnvloed nie. Studente sien SEB-vereistes deur firmas m.b.t. aanstelling as net nog ‘n uitdaging wat oorkom moet word en dit wil voorkom asof hulle dit begin aanvaar het as die norm van hoe dinge in Suid-Afrika werk. Hulle voel wel ongelukkig omdat dit nie altyd pertinent genoem word wanneer geleenthede geadverteer word nie. Hulle sou deursigtigheid verkies om tyd en moeite te spaar. Min van hulle glo egter dat SEB tot so ‘n mate ‘n rol speel dat hulle nie werk sal kan kry nie en beskou eerder die hoeveelheid aspirant kandidate teenoor die klein aantal beskikbare geleenthede as die grootste uitdaging.

Studente wat SEB wel as ‘n duidelike uitdaging sien is ouer as die gemiddelde student met praktiese ervaring en is in hierdie situasies direk daarmee gekonfronteer.

Slegs een kandidaat het genoem dat hy sukkel om ‘n pos te kry omdat meeste firmas op soek is na vroulike kandidate.

Alle studente is dit eens dat aanstellings eerder op meriete moet geskied maar dat die realiteit verg dat jy moet deel wees van ‘n netwerk om enigsins ‘n kans te staan.

Al die UP-studente wat aan die studie deelgeneem het, het aangedui dat hulle leiding nodig het ten opsigte van hoe om hul lewens op persoonlike vlak as jong werkendes te bestuur. Hulle voel vir al inligting t.o.v. belasting, huis koop/huur, begroting en so meer is van onskatbare waarde. Volgens hulle moet dit in werklikheid deel vorm van Lewensoriëntering op skool. Selfs basiese vaardighede soos hoe om ‘n band te ruil of ‘n bankrekening oop te maak of elektrisiteit aan te sluit,, is genoem.

Geskrewe antwoorde: Akademia

Studente by Akademia is hoofsaaklik besig met ‘n twee kwalifikasie of werk reeds vir ‘n geruime tyd in die regsektor. Ouderdomme tussen 22 - 43. Slegs een student staan nie tans in ‘n beroep nie. Studente wissel vanaf LLB I – III. Akademia lewer eers in 2023 sy eerste LLB VI-studente.

Vorige blootstelling aan die reg dmv studies of werkservaring wat ‘n belangstelling en moontlike loopbaanvooruitsigte prikkel, blyk eerder die motivering te wees waarom hierdie studente besluit het om die kursus te neem. Daar is ook studente wat nie gedurende voltydse studies hul kwalifikasie voltooi het nie en later hul studies hervat. Motivering vir ouer respondente is eerder die opheffing van hul gesin en die bydrae in die gemeenskap sowel as selfverryking.

Aspirasies met betrekking tot die loopbaanpad wissel van studente wat as prokureurs in spesifieke rigtings wil spesialiseer tot toetrede tot die akademie. Ouer studente met baie werkservaring is meer doelgerig en het meer sekerheid oor rigting en sterkpunte en beplan loopbane wat dit komplimenteer. Kwalifikasie en toetrede tot die reg word ook as deeltydse opsie en aanvuller vir huidige inkomste beskou.

Studente voel nie daar is werklik ‘n gevaar hul loopbane of die professie nie. Hulle is egter bekommerd oor die regstelsel wat volgens hulle nie korrek toegepas word nie. Dit blyk hierdie studente is meer op hoogte van nuusgebeure en politieke werklikhede in terme van uitsprake wat tans gelewer word en vir al die ondermyning van die hof se gesag deur politici. Soos studente van NWU en UP is hulle veronderstelling dat die tekortkoming eerder in die menslike element t.o.v. die interpretasie en toepassing van die wet lê eerder as in die wet self. Stelsels rondom die hof en die administratiewe uitdagings om ‘n saak wel in die hof te kry word ook as punt tot kommer genoem omdat sloering ‘n negatiewe effek op geregtigheid het.

Meer as een student het aangedui dat hulle graag vakansiewerk en skaduwerkgeleenthede sal aangryp. Vir werkende studente wat reeds gesinne onderhou, is dit egter ‘n groot uitdaging om sulke geleenthede te vind en hul huidige werk en inkomste in ag te neem. Hierdie studente blyk egter ‘n meer gematigde verwagting te hê oor wat binne ‘n loopbaan in die reg verwag kan word en voel minder angstig oor verdere blootstelling soos hierdie.

Nog ‘n uitdaging vir werkende studente is klerkskap. Dit is nie vir al hierdie studente moontlik om die poste wat hul tans beklee te laat vaar vir ‘n aansienlik kleiner salaris nie. Die uitdaging word as “onoorkombaar” beskryf.

‘n Vrees wat genoem word is spesialisasie. Studente is nie altyd seker waarin hulle wil spesialiseer nie en bang dat hulle moontlik die verkeerde keuse sal maak wat kan lei tot beperkte werksgeleenthede.

Vir studente wat nog studies in die vooruitsig het is sekere modules op hierdie stadium ‘n groter vooruitsig as langtermyn vooruitsigte. Studente wat reeds werk sien weer uit daarna om na afloop van hul studies en volle kwalifikasie voluit te kan werk in hul gekose rigting. Om ‘n verskil te maak en mense te help is ‘n tema wat ook deur Akademia aangeraak word. Om ‘n kenner op ‘n bepaalde gebied te wees is ook iets waarna studente uitsien.

Salarisse en finansies is ook bekommernisse vir studente by Akademia omdat klerksappe nie geredelik beskikbaar is nie en ‘n val in inkomste vir mense met gesinne tot gevolg het.

‘n Mentorskap word verwelkom aan die lig van addisionele leiding en kennis wat meer fokus op die individu se werkservaring en loopbaanpad en leiding in terme hiervan eerder as leiding met betrekking tot die fisiese take in die werksplek. Ouers studente voel egter meer skepties. Hulle is van mening dat hulle tot ‘n mindere mate geakkommodeer kan word omdat daar nie veel mentors beskikbaar is wat mense op hul ouderdom en met hul ervaring kan help nie.

Om deel te vorm van ‘n netwerk is vir studente by Akademia ook van groot belang. Hulle beskou netwerkgeleenthede aanvanklik as leergeleenthede wat dan later ook die doel kan dien om kliënte te bekom of kliënte te kan verwys.

Sommige studente voel hulle word nie tans deur SEB geraak nie alhoewel hulle a.g.v. familie en vriende se ervaring reeds bewus is van die uitdagings wat SEB daarstel. Hulle verwag wel dat hulle in die toekoms daardeur geraak sal word wanneer hulle amptelik die arbeidsmark betree. Ander studente voel hulle word reeds in die werkplek benadeel vir al ten opsigte van finansiële ondersteuning wat slegs aan sekere rassegroepe beskikbaar gestel

word. Een student het genoem dat hy reeds twee maal sy werk (tweede inkomste) verloor het as gevolg van die kleur van sy vel.

Gevolgtrekking

Uit die kwantitatief en kwalitatief vloei daar sekere snypunte en ook goed wat uniek is aan bestaande en voornemende regslui onderskeidelik.

Vanuit die kwantitatiewe navorsing is dit duidelik dat daar diep kommer oor die toekoms van die regsberoep en regstelsel in Suid-Afrika heers.

Hierdie word geëggo in die oop vraag waar die tweede grootste bekommernis die funksionering en administrasie van howe is.

Terselfdertyd is daar ‘n gevoel dat die tyd reg is vir regslui om mekaar onderling te help in kontras met die bekommernis wat heers rondom die regsberoep en regstelsel. Fassinerend genoeg is hierdie behoefte een wat uit die kwalitatief ook na vore getree het. Die behoefte aan ‘n netwerk-funksie het dus uit bestaande sowel as voornemende regslui se geledere uit gekom. ‘n Netwerk-aanbod van regslui is iets waaroor bestaande regslui sterk genoeg voel om te wil geld spandeer per maand, dit is dus iets wat ernstig oorweeg moet word as aanbod.

‘n Ander tema wat in beide bestaande sowel as voornemende regslui se geledere uit gekom het is die behoefte aan opleiding. By bestaande regslui is dit ‘n behoefte dat klerke beter opgelei by hulle firmas opdaag en dat daar meer opleiding vir regslui in die algemeen moet wees. By voornemende regslui is daar ook ‘n behoefte aan oorbruggingsopleiding tussen graadvang en klerkskap, dat hierdie klerke beter opgelei by firmas op kan daag.

Veral prominent by voornemende regslui was die behoefte aan ‘n netwerk wat help om werk te kry. Die onsekerheid wat hang rondom klerkskappe en die ervaring dat raswetgewing geleenthede drasties verminder. Hierdie staan nie in teenstelling met die ervaring van bestaande regslui rondom die netwerk-funksie nie en sluit eintlik daarby aan. Alhoewel bestaande regslui nie die behoefte aan die netwerk gebruik vir werk soek geuiter het nie, het die netwerk behoefte ook uitgekom. Indien mens sou wou fokus op voornemende Afrikaanse klerke veral sal ‘n netwerk van firmas waar hulle in diens geneem kan word ten spyte van raswetgewing ‘n sterk waarde-aanbod bied wat een van die primêre vrese aanspreek.

Laastens dui die frustrasie met en bekommernis oor die howe iets wat aangespreek moet word. Gegewe die antwoorde in beide die kwantitatief en kwalitatief sal iets soos ‘n waghond oor die howe tien teen een verwelkom word deur bestaande regslui. ‘n Liggaam wat moontlik die verval van howe en die regstelsel kan teenwerk behoort verwelkom te word siende dat dit een van die primêre behoeftes van bestaande regslui aanspreek.